

Jesus het gesê dat Satan 'n kerk en 'n regering sou hê.

Tony Alamo



Satan het in die Koninkryk van die Hemel gesê dat hy God se plek sou inneem en hy het natuurlik misluk. Satan het die aardse heerskappy, wat God aan Adam gegee het, weggenem deur Adam se vrou te mislei. Eva het Adam toe deur Satan mislei en die kommunikasie tussen God en mens was verby. In Sy genade teenoor ons het God 'n verlossingsplan bewerk vir die wat in Hom, in plaas van in Satan, glo. God se Seun moes sterf en Sy bloed stort om die verlossingsplan 'n werklikheid te maak. Satan moes hierdie, die ENIGSTE manier wat God bewerk het, verdoesel, verberg en verdof of sy heerskappy is verby. Ten einde dit effektief reg te kry, moet Satan eers mense oorreed dat hy nie bestaan nie (en hy het hom goed van sy taak gekwyt). In die Hemel het Satan een derde van die engele omgepraat (hulle het die swak leuenaar in plaas van die magtige, waarheidsgetroue God geglo) en hulle is almal uit die Hemel op die aarde gewerp. Satan het die prag, luisterryke en hemelse saligheid wat God in die Tuin van Eden geskep het, gesien en hy het met jaloesie en haat neergekyk op die twee onskuldiges wat God geseë en heerskappy van die wêreld gegee het. Satan het opgemerk dat Jesus in die koel aandlug na die tuin gekom het om saam met die paartjie te kuier. Voor hulle sonde was daar geen skeiding tussen die mens – God se skepping — en God nie en het hulle dikwels as God se vriende met Hom gepraat; die skepping wat onbevrees met hulle wonderlike Skepper praat. Hulle gemeenskap met Christus was die hoogtepunt van elke dag en hulle het by Hom van die glorie van God en die betekenis van alle dinge geleer, en is deur die kameraadskap verseker dat God regtig vir hulle lief was. Die gevolg van ongehoorsaamheid van die een bevel om nie van die boom in die middel van die tuin (die boom van kennis van goed en kwaad) te eet nie, is aan hulle verduidelik. Satan het geweet dat sy sluheid in die Hemel van so 'n aard was dat hy 'n derde van die inwoners tot sy nuttelose saak en vernietigende einddoel kon mislei. Vanweë sy sukses in die Hemel (al het hy uiteindelik misluk) het hy gedink dat hy dalk daarin sou slaag om in die Tuin

van Eden die beheer oor die wêreld, wat God aan hulle gegee het, van die twee onskuldiges weg te neem. Die Skrif sê dat die een na wie se stem jy luister, jou meester sal word. “Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie” (Joh. 8: 47). Deur Satan se skelm vermomming van homself as 'n spesiale ligengel van God (2 Kor. 11:14), het hy veroorsaak dat Eva die waarskuwings wat God, die Seun, met een van Sy aandbesoeke aan hulle gegee het, geïgnoreer het. Satan het dus Eva se meester geword. Sy het onmiddellik Satan se eerste evangelis geword en Adam haar bekeerling. Dus het heerskappy van die wêreld aan Satan behoort en 'n skeidsmuur is tussen God en die mens opgerig.

Die wêreld was nou donker en kommunikasie tussen God en die mens was verby, tensy God se verlossingsriglyne presies nagevolg word. Die plan is in werking gestel en dit word die verlossingsplan genoem. God se Seun moet sterf om aan die mensdom die verskrikking van die sonde en die Hel te wys. Verder moet Hy deur hierdie ongeëwenaarde opoffering Sy onuitspreeklike liefde vir die mensdom, wat alle verstand te bowe gaan, wys (2 Kor. 9:15). Brandende offerandes en altare is ingestel as 'n simbool van die mens om deur geloof aan te toon dat God Sy Eniggebore Seun, Christus sou stuur. Wanneer 'n mens geglo het dat God Sy Eniggebore Seun sou stuur om aan die kruis te sterf en Sy bloed sou stort ten einde vergifnis vir die siel van die mensdom te verkry, moes hy sy geloof toon deur die beste uit sy kudde, sonder 'n merk of 'n letsel, te neem, dit te slag, die bloed daarvan op die altaar te besprinkel (die altaar is 'n figuurlike simbool van die mens se hart) en dan die offerandes in die vuur te verbrand deur wrywing. Die reuk van die offerhande sou na die Hemel opstyg as 'n welriekende geur tot die Here. Dit het aan God gewys dat dié mens lief was vir en geglo het in God en nie in Satan nie. Satan het die plan van verlossing gehaat, want dit het God met die mens herenig en Satan se heerskappy oor die mens weggenem. Die skeidsmuur, wat die een van die ander geskei het, het nou 'n deur gehad — die geloof dat vertrou in God deur Jesus Christus, die Deur,

die Weg, die Lewe, die Waarheid, die Alfa, die Omega, die Begin, die Einde, die blinkende Môrester, die “EK IS”, die Prins van Vrede, die Prins van Lewe, die Redder, die Here, die Skepper van die wêreld en alles daarin, die Skepper en Voleinder van ons geloof, die volheid van die liggaamlike Godheid is en in Hom is ons volkome herenig met God.

Ja, Satan het die verlossingsplan, wat vir die mensdom ingestel is, gehaat. Almal wat die aarde bewoon het, was op pad Hel toe, tensy die plan van ontsnapping (verlossing) behoorlik in detail verduidelik is deur diegene wat besorg is en reeds die weg gevind het. God ken dié wat genadig is, want hulle is besorg oor ander wat in die duister is oor hoe om verlossing te kry, en dit is Satan se doel - om die eenvoud daarvan te verdoesel. Hy het eerstens daarin geslaag om die wêreld deur satanistiese misleiding (in die vermomming van 'n engel) te wen. Om sy sukses uit te brei, moet hy 'n kerk hê en die kerk sal verkondig dat Satan God is. Ten einde dit te bereik, moet hy baie versigtig, baie bedrieglik en baie geheimsinnig optree. Meer sluheid as ooit tevore was nodig. Niemand moet weet dat dit Satan se kerk is nie en niemand moet uitvind dat sy kerk die pad is wat na die Hel lei nie. Die kerk moet op politieke en finansiële vlak, byval vind by regerings ten einde wêreldleiers te interesseer en gehoorsaamheid tydelik te beloon, as gunste terugbetaal word. Die leiers wat Satan betrokke kry hierby moet onder die strengste geheimhouding gebruik word en 'n eed aflê dat hulle sonder enige voorbehoude aan elkeen van Satan se wense gehoorsaam sal wees. Die betrokke leiers moet nooit Satan se kerk diskrediteer of openbaar maak dat elke afskuwelike vorm van korrupsie op aarde daaruit voortspruit nie (dit is die wortel van alle kwaad, Satan self). Die wêreld moet nooit sien wat agter die verhoog of in die aantrekkamers aangaan nie. Satan se kerk moet groter wees, sy katedrale mooier en die musiek moet meer weergalm as die van enige ander kerk op aarde. Haar rituele moet heiliger voorkom, hoewel alle ritualisme soos

die aansteek van kerse, die lui van klokke, die brand van wierook en alle ander vorms van ritualisme wat sy kerk uitvoer, onskriftuurlik is. Sy kerk moet te gekompliseerd wees vir enigiemand om te verstaan. Satan se kerk moet nederiger voorkom (hoewel dit valse nederigheid is), moet meer welwillend en magtig voorkom en moet uiteindelik, net voordat Jesus terugkom aarde toe, alle regeringsbeheer hê, sodat dwang toegepas kan word wanneer dit onthul word (as die Antichris).

Hoe naby is ons aan God se wederkoms? Hoe naby is ons daaraan dat die Satanistiese kerk die regering beheer?

Dit is aan ons gerapporteer dat 'n groep Christene uit Texas die prokureur-generaal van Texas (Jim Mattox) op 19 Mei 1986 gevra het: "Is dit waar dat Texas ons kinders besit?" Texas se Prokureur-Generaal Mattox het geantwoord: "Ja, dit is waar (dat die staat julle kinders besit) en nie net julle kinders nie, maar julle ook!"

Die IRS (wat soos die Gestapo is) is besig om die belastingvrye status van alle kerke, wat vervreem is van Satan se kerk en regering, weg te neem. Die IRS gee al vir jare belastingkwytskelding aan pro-Satan kerkorganisasies, soos kerke wat toordery en hekserij beoefen. Satan se kerk se IRS "Gestapo" agentskap het aan elke kommunistiese organisasie in die Verenigde State 'n 501(c)(3) belastingvrye status gegee.

Die feit kan op baie plekke nageslaan word, o.a. in die Prentice Hall Federale Belastingboek, Hoofstuk 28, onder Bestaansekerheidsbelasting, Afdeling 3804, Kwytskeldings#3813.

So baie Katolieke Jesuïete het ons regering binnegedring, van Ronald Reagan afwaarts, dat daardie anti-Amerikaanse, Antichristelike, anti-VSA konstitusionele mense selfs weggedoen het met die nie-Amerikaanse Aktiwiteitskommissie en die Huis van Verteenwoordigers se Internasionale Veiligheidssubkomitee. Hierdie stil, verraderlike ondergrawers van geregtigheid het ontslae geraak van hierdie departement wat gewoonlik Katolieke Kommunistiese verraad in ons land gerapporteer het. Katolisisme is kommunisme, sosialisme en ateïsme. Waar die komitee gewoonlik jaarliks 55 000 verraadsake ondersoek het, is slegs 14 sake vanaf 1974-1982 ondersoek. Die enigstes wat die satanistiese regering nou aankla, is mense wat Satan se kerk en regering blootlê, soos ekself en die heilige Alamo Christenkerk en ander patriotiese Amerikaners wat nie-Katolieke is. Die neo-Nazi's is nie patriotiese Amerikaners of Christene nie. Hulle is 'n ander Katolieke radikale militante groep wat op die been gebring is deur Satan se regering om die FBI goed te laat lyk (gee aan die FBI 'n nuwe valse

gesig), wat op sigself niks meer is as 'n radikale, militêre Katolieke groep nie. Normaalweg sou die Neo-Nazi's al lank reeds in die tronk gewees het, as die Amerikaanse konstitusionele regering (Op God Vertrou Ons) steeds van krag was. J. Edgar Hoover is gedurende sy hele loopbaan gelei deur die Katolieke Kardinaal Spellman. Die FBI is geheel en al Katoliek (in Nazi-Duitsland is hulle die Gestapo genoem, hier word hulle die FBI genoem). Ons het beëdigde verklarings van baie mense (insluitende 'n FBI-agent, wat tot Christus bekeer is, in ons kerk) wat bevestig dat die FBI, die IRS, die Departement van Arbeid en al die federale en staatsagentskappe (wat soos die Gestapo is) Katoliek is; en dat hulle aangebied het om dwelmgebruikers, alkoholiste, diewe en dies meer geld te betaal (Amerikaanse belastingdollars) om vals teen my en ons kerk te getuig. Hulle het ook persinstansies wat positief teenoor ons is gedreig om nie enige feitelike nuusstories oor ons en die goeie werk wat ons kerk doen, te publiseer nie. Anders sal Satan se kerk se Gestapo agentskappe hulle ook teister.

Onthou dat die kerk van Satan nooit blootgelê mag word nie en sterk dwang moet onmiddellik uitgeoefen word op diegene wat mense na die verlossingsplan van God lei deur Sy Seun Jesus Christus en ook op enigiemand wat dit sou waag om die satanistiese komplot, wat vir soveel honderde jare geheim gehou is, bloot te lê. Die titel van "ketter" moet toegeken word aan almal wat deur God gewerf is om sy glorieryke verlossingsplan te verkondig en wat die afgodiese komplot van Satan blootlê. In die laaste dae staan alle ander kerke, wat Satan se boodskap, eerder as God se Woord gekies het, onder bevel van Satan se predikante, wat 'n skadu oor hulle kansels gooi om haat in die harte van hulle gemeentes te kweek. Satan se predikante leer die kerke om die boodskappers van die lig te ignoreer. Die predikante van die duisternis gee ook opdrag aan hulle gemeentes om sodanige boodskappers sleg te sê, te dreig en te bespot. Hulle verdraai die Skrif soos wat Satan met Christus gedoen het op die Berg van Versoeking. luidkeels boosaardige, gewelddadige vrees vir onthulling, skreeu Satan se volgelinge luidkeels dat die wat gehoorsaam is aan God se bevel "haters" is en in geestesinrigtings hoort. Volgens die Skrif is Satan en sy volgelinge egter die sielsiekes omdat hulle vir ewig in 'n brandende Hel gevang gehou word in hul waansin.

Al die jare van Satan se versigtige, geheime, sluwe werke word in een oomblik vernietig, wanneer God se boodskappers opdaag. Daar is hoofspanningselektrisiteit in die lug, want Satan se aartsvyand het gekom en hy moet tot elke prys alles rondom die boodskap afbreek. Derhalwe moet Satan hierdie smerige stories vertel en boonop 'n kind van God van alles

wat Satan is beskuldig. Hy moet dit doen om die geheim van sy bose motiewe vir die mens weg te steek. Die dwaling, die valse fassade van sy kerk word nou afgebreek en dit moet tot elke prys vermy word. Mense sal in staat wees om agter die gordyn te sien, die aantrekkamers, die onsedelikheid, die korrupsie en elke besmetlike gruwel wat God sê deel van Satan se kerk is.

Wêreldbeheer van die nuusmedia is een van die maniere waarop Satan se kerk God se boodskapper effektief belaster en sleg maak. Alle Christene wat die geboorte van God onderhou, moet ook vernietig word. Die Jode moet vernietig word, want dit is deur die Jode dat die plan van redding, God se verlossingsplan, uitgevoer is deur Jesus Christus. Die eerste Jood was Abraham, toe Isak en Jakob, die vertakking van Isai, die Huis van Dawid en uiteindelik Jesus, die Leeu van die stam van Juda.

In Duitsland het Satan sy haat vir die vlees van Israel getoon deur ses miljoen Jode te laat doodmaak. Satan se kerk in Rome het agter die skerms bevele in die vorm van gedetailleerde instruksies uitgereik aan hierdie land, wat groot bedrae geld van die banke van Satan se kerk en Satan se regeringsarm ontvang het, om die einste herinnering aan die vlees wat aan die wêreld die enigste weg na die Hemel en die enigste waarheid hier op aarde en in die Hemel gebring het te vernietig, want in Christus is daar lewe. Satan se poging om die Jode te vervolg en te vernietig kan eue gelede al in die geskiedenis bespeur word. Talryke Bybel-gedeeltes handel oor die misterieuse, ongeoorloofde haat teenoor die Jode, sowel as baie pogings om die ras geheel en al uit te wis. Vandag gebruik God die Joodse volk vir Sy tydtafel om aan te dui hoe naby ons aan die wederkoms van Jesus is. Een teken was dat die Jood sou terugkeer na sy tuisland, Israel. Sommige Jode sou na God terugkeer deur Jesus Christus deur Sy plan van verlossing te aanvaar en aan die einde van die tyd die evangelie en die verlossingsplan aan die wêreld te verkondig. 'n Aantal van ons Jode doen op die oomblik presies net dit. Hebreeuse Christene word toenemend deur die prins van die duisternis verafsku, want hulle het God se verlossingsplan van redding deur Jesus Christus ons Redder en ons Here aanvaar. Ook omdat hulle vlees van Israel en terselfdertyd die Seun van die Lewende God is. Al hierdie feite word in die Ou en Nuwe Testament van die ou King James-weergawe van die Bybel bevestig, nie in die nuwe een, wat soos die uitgewer verklaar "met hulp" tot stand gekom het nie. Satan het homself in al die ander weergawes ingewurm om verder verwarring te saai en te probeer om die ontsagwekkende aard van God se Woord soos wat dit in die oorspronklike King James-weergawe is, te verander.

¹ Tot en met 1987 het alle kommunistiese organisasies belastingvrye status gehad. Nou het die Binnelandse Inkomstestelsel die belastingvrye status weggeneem. Die Vatikaanse kommuniste is egter so ingegrawe by die regering onder die dekmantel van Republikeine en Demokrate, dat hulle nie langer kwytskeldings nodig het nie, om nie eers te praat van die regeringsbydraes tot hulle "Pseudo-liefdadighedsorganisasies" en multi-biljoen dollar skenkings aan kerkskole en ander elite Katolieke kommunistiese organisasies nie.

h Effense verdraaiing of h sagte verwringing van die Skrif, God se bewys van die realiteit en van die morele en behoorlike korrektheid van God se Woord, is al wat ooit nodig is om h hele nasie aan te hits om barbaarse moordenaars te word, as dit deur Satan gepropageer word. h Nasie wat gehoorsaam is aan God se Woord (bekend met die Skrif) sou nooit moord, leuens of die marteling van mense goedkeur nie, net omdat hulle h ander godsdiens het of om watter ander rede ook al. God reik geen lisensie vir die verdraaiing of verwringing van Sy Woord uit nie. As h persoon, dorp of regering die Woord van God verwerp, beveel God Sy mense:

“...skud die stof van julle voete af”(Matt.10:14), draai die ander wang en gee jou siel aan iemand anders, sodat God verheerlik kan word. **“En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof van julle voete af tot h getuienis teen hulle. Voorwaar, ek sê vir julle, dit sal vir Sodom en Gomorra verdraagliker wees op die oordeelsdag as vir daardie stad”** (Mark. 6:11), want vandag het ons die Nuwe Testament, sowel as die Ou Testament.

Die heelheid van God se Woord (vanaf Genesis tot Openbaring) toon h volledige, meesterlike en voortrefflike skildery van Jesus en sy doelwitte (roeping). h Volledige en meesterlike portret wat aantoon dat oneindige boosheid en gemeenheid ook gevind sal word deur dié wat na Satan, sy kerk, sy doelwitte (roeping) en sy gevangenis vir die verlore siele van die mens soek.

Die meer as 300 profesieë oor Christus se koms na die aarde om die mensdom te red uit Satan se nimmereindige, ewigdurende Hel kan deur enigiemand wat die Skrif ondersoek gevind word. Christus het die verlossingsplan goed geken — Hy en Sy Vader het dit ontwikkel en het saamgestem dat daar geen alternatief voor is nie. God se Woord (Christus) het alles in die Hemel en op aarde geskep, insluitende die Hemel self, die einste aarde waarop ons leef en die oseane. Hy het ook die mens geskep en lewensasem in sy neusgate geblaas. Hy het alleenlik die mens (mans en vroue) as lewende wesens geskape en God se Woord verklaar: **“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die Hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie”** (Hand. 4:12). Die Redder se Naam is Jesus en Hy is gebore en het gesterf op die presiese dae wat die profeet Daniël voorspel het dat die Messias, die Redder, gebore sou word en sterf. Hy is in Bethlehem in Judea gebore waar die ware Redder, volgens profesie, gebore sou word. Hy is uit h maagd gebore en deur die Heilige Gees verwek op dieselfde manier as wat h ware Wedergebore Christen Christus deur die Heilige Gees ontvang, wanneer Hy (Jesus) nooi om in sy hart te woon. Die vlek van die sonde word onmiddellik weggevaar wanneer iemand deur

die geloof sonder enige twyfel glo dat God se verlossingsplan, die sielsreinigende bloed van die Verlosser se are, genoegsaam is om dit uit te wis, ongeag hoe lelik en vuil die sonde mag wees. Glorieryke verlossingsplan, glorieryke Verlosser wat mense se siele bevry uit Satan se gevangenis. **“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak”** (Joh. 8:32). Ag, die vreugde van vergeefde sondes!! Ag, die vreugde wat net dié wat deur God se bloed gereinig is, ken!! Die kragtige boodskap kan gevind word en is steeds baie lewend in die eeue-oue, dog hedendaagse Woord wat gister, vandag en vir ewig lewend sal wees (Heb. 13:8) in die King James-weergawe van die Bybel (waaraan nie gepeuter moet word, of wat nie verdraai of verwring moet word nie).

Die Woord van God is lewende waters vir die siele van mans en vrouens. Jesus het gesê: **“Julle is alreeds rein deur die Woord wat Ek tot julle gesprek het [nie verdraaid nie, nie verwring nie]”** (Joh. 15:3). Nie eens h bietjie verdraai of h bietjie verwring nie, maar die presiese lewende, reinigende Woord van God, geskryf deur die Heilige Gees in die Hemel en deur die bloed van Jesus.

Die Woord van God reinig die mens se gees van valse leerstellings, die lewende en onverdraaide Woord verwyder alle haat en geweld wat die gevolg is van valse oordele wat in die mens se hart en verstand geplaas is d.m.v. valse leringe deur Satan se werktuie (kerke en regerings). Die mens sal gereinig word van die valse leerstellings van lusteloosheid en teenstrydigheid. Die Here se onverdraaide, onverwringde lewende waters leer ons dat God die duiwel, die duiwel se kerk en die duiwel se onboetvaardige kinders haat. Die duiwel se onboetvaardige kinders is almal wat God se presiese, onverdraaide, onverwringde Woord en die suiwer, lewende water van God se heilige, troon in die Hemel haat. Die heilige lewende water en, onverdraaide, onverwringde ware Woord van God meld dat almal wat nie Sy Woord (presies, onverdraaid en onverwring) glo nie, verdoem sal wees, maar dat die wat glo en gedoop is, gered sal word. Hier is die direkte aanhaling uit die presiese Woord van Jesus, toe Hy met Sy dissipels gepraat het (wat in Hom geglo en Hom gevolg het): **“Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word”** (Markus 16:16).

Jesus het verklaar dat Hy die optrede van die Nikolaiëte, die afgodediënaars, haat en hier is die onverdraaide, onverwringde Skrifverwysing betreffende Sy strengheid: **“So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte [onskriftuurlike, valse Christene en afgodediënaars], wat Ek HAAT”** (Op. 2:15).

Jesus haat die valse verdraaiing en verwringing van sy presiese Woord, sowel as dwaalleringe wat nie in Sy Woord verskyn nie of valse godsdienste en afgodery wat God

onsuiwer leerstellings noem. Die Apostel Paulus waarsku ons om nie leerstellings van engele in die Hemel of van enigiemand te ontvang nie. Paulus beveel ons om eerder net die presiese, streng Woord van God te lees en te ontvang. Daar is die presiese, streng, onverdraaide, onverwringde woorde van die Joodse Apostel Paulus: **“Maar al sou ons [die Heilige Apostels] of h engel uit die hemel aan julle h evangelie verkondig anders as dit wat ons aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees!”** (Gal. 1:8). Die Apostel Paulus verklaar ook: **“Verkondig die Woord [presies, onverdraaid en onverwring]”** (2 Tim. 4:2). Die Apostel Paulus gaan voort: **“Want daar sal h tyd kom [die laaste dae... nou] wanneer hulle die gesonde leer [die Woord van God, presies soos wat dit deur die Heilige Gees vanaf die troon van God, sonder enige verdraaiings en verwringings geskryf is] nie sal verdra nie, maar hulle sal volgens hul eie begeertes vir hulle h menigte leraars [valse leraars en predikers, foutiewe skriftuurlike godsdienste en valse Christelike pastore] versamel wat die ware Woord van God en God se kinders haat”**[2 Tim. 4:3]. God se predikers ontmasker Satan, sy kerk, Satan se regering en al sy agentskappe. God se predikers weier om die Woord te verdraai of te verwring of om kompromieë aan te gaan met die duiwel, die duiwel se kerk, sy regering of sy kinders wat valse leraars en vervloekte kinders is. **“Hulle is waterlose wolke wat op winde weggevoer word [een valse satanistiese leerstelling na h ander;] bome met verdorpe vrugte [die soort boom is h valse Christen, want die siele wat hulle leer, word onderrig in h valse leerstelling], twee keer gestorwe, ontworteld”** (Judas 12);] wie se lot dieselfde is as hulle vader die duiwel - om vir ewig in die Hel te brand. Hulle **“verag die heerskappy [die onverdraaibare en onverwringde opdrag van God ... Sy Woord, heerskappy van God se regering], en belaster die heerlike wesens [die heilige mens van God wat vandag Sy Woord verkondig]”** (Judas 8).

Ja, Satan het Sy kerk nodig, h kerk wat die Woord van God uitskakel, wat dit verdraai en verwring en die Woord van God gebruik teen die einste heilige mans en vrouens van God wat Hy vandag stuur om Sy Woord te verduidelik (dit sluit Satan, Satan se kerk en Satan se wêreldwye regeringsbeheer in). Ons as Christene is nie onderhewig aan die satanistiese kerk se regeringsmag nie, want dit word bemagtig deur die dwaling van Satan se swaakheid. God se onverdraaibare Woord verklaar: **“Laat elke siel hom onderwerp aan die Hoër MAGTE, want daar is geen mag behalwe van God nie [die ware mag, die ewigdurende mag], en die wat daar is, is deur God ingestel.”**

“Sodat enigiemand wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en diegene wat dit weerstaan, sal hulle verdoe-

menis ontvang. [God het die predikers van God georden om sy heerskappy op aarde uit te dra. Hy noem sy predikers heersers. God se predikers moet streng heers, met net Sy Woord]. **Want die owerhede is nie 'n verskrikking vir goeie dade nie** [die presiese Woord van God] **nie, maar vir die bose. Maar as jy dan nie bang wil wees vir die mag nie** [die wat die presiese Woord van God uitdra], **doen wat goed is** [preek en leef die Woord van God] **en jy sal lof van hom ontvang; want hy** [God se geordende magte op aarde] **is 'n dienaar van God, jou ten goede"** (Rom. 13:1-4). Satan het hierdie Skrifgedeeltes verdraai sodat dit verwys na Satan se kerk, Satan se regering en sy agentskappe, maar dit is boos). Verse vier en vyf uit hoofstuk dertien van Romeine verklaar: **"As jy egter kwaad doen, vrees dan; want hy** [God se prediker, God se mag op aarde] **dra die swaard** [die presiese Woord van God] **nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker wat toorn laat neerkom op die een wat kwaad doen. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf** [as jy verkeerd optree volgens die Woord van God] **nie, maar ter wille van die gewete."**

"Want daarom betaal julle ook belasting [die gee van julle tiendes en offerandes aan hulle en nie aan Satan se kerk nie]; **want hulle is dienaars van God wat juis voortdurend hiermee** [die presiese Woord van God] **besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is"** (Rom. 13:6-7). **"Wees aan niemand iets verskuldig nie"** (Rom. 13:8), maar onderhou God se gebooie, wat beteken om vir mekaar lief te wees. Liefde beteken om God se gebooie te onderhou. Jy kan duidelik sien dat die bose werkers van die wêreld van Satan se kerk en regering die Skrif verdraai het en die wêreld om die bos gelei het (omdat die wêreld nie die Bybel ken nie). Die presiesheid van die Skrif wys egter dat Satan swak is en dat God se dienaars die mag van God op aarde is en dat almal onderhewig is aan die mag. Satan het geen mag nie. Hy kan nie lewe gee nie; hy kan nie die dooies opwek nie; hy kan nie gesond maak nie; hy is dood. Die dood het geen mag nie; hy is die prins van die dood (Heb. 2:14). Dieselfde gees is vandag teenwoordig in die duiwel se werksaamhede op aarde. Diegene wat die woorde verdraai tot hulle eie betekenis, het probeer om dieselfde met Christus (die Woord van God) te doen. Hulle het Hom aan die kruis vasgespyker as gevolg van hulle leuenagtige, verdraaide weergawe van die Woord van God.

Soos wat die uur van Jesus se wederkoms nader kom, sal Satan dinge op aarde baie moeiliker maak. Hy doen dit om verwarring onder die massas te saai, want hy weet die Skrif verklaar dat God se heilige dienaars hom en sy werk sal ontmasker net voordat Jesus terugkom aarde toe. Uit desperaatheid stuur

Satan noodkrete uit na al sy agentskappe, want sy uur het aangebreek. Die pous se geheime is nie meer 'n geheim nie. Watter tragedie is dit nie vir hom en al sy volgelinge nie. Vir eeue was sy slinkse planne en die sameswering van sy kerk wat bemagtig word deur regeringsbeheer en hyself so 'n misterie, maar nou word dit bekend gemaak. Baie wat in sy kerk mislei is, kan nou die lig duidelik sien en is besig met 'n uittog uit die valse godsdiens, na die nougesette Woord van God (die Liggaam van Christus). Hulle was verward, maar is nou nie meer verward nie. Hulle het gejuig, toe Christus in hul harte ingekom het en hulle wandel nou in Hom as soldate vir Christus. Hulle weet nou dat die Woord van God lewe, want dit het hulle van die dood af na die ewigdurende lewe gebring.

Die Woord van God is Jesus. Satan is besig om sy leëmag van dooie swakkellinge bymekaar te maak, die wat die waarheid en die lig verwerp, maar die duisternis, dood en Hel wat in Satan se kerk is, verkies. Hulle vergader om oorlog te voer teen die Almagtige God en Sy heiliges. Jesus het gesê hy sal ook oorlog voer (Op. 19:11). Menigtes, menigtes staan in die dal van beslissing (Joël 3:14). Nou is die tyd om kant te kies. Die vreesagtiges en die ongelowiges sal die ewigheid in die Hel deurbring (Op. 21:8). Die regverdiges is dapper soos leeus (Spr. 28:1) en sal soos die sterre skyn (Dan. 12:3). Ons as heiliges is seker dat Jesus sal wen en Satan is ook seker daarvan, want daar staan geskryf dat hy weet sy tyd is min" (Op. 12:12). **"... die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind"** (1 Pet. 5:8). Die Here het deur die Apostel Paulus verklaar **God sal hulle aan die krag van die dwaling oorgee, om die leuen te glo, sodat almal wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaeg gehad het in die ongeregtigheid verdoem kan word"** [Alles wat teen die presiese, ware Woord van God is] (2 Tess. 2:11-12).

Die misleiding waaraan God hulle oorgegee het (omdat hulle 'n leuen leef) veroorsaak dat hulle uiters vermetel (meer dom as ooit tevore) optree, om teen die Almagtige te veg, sodat hulle verdoem kan word. Hulle sal met die helderheid van Sy wederkoms tot niet gaan (2 Tess. 2:8).

Die Apostel Paulus het net soos ons geglo dat die Here weer terugkom aarde toe, maar nie voordat daar eers verval en 'n wegdraaiing van die waarheid, Sy Woord, is nie. Die Apostel Paulus het ook verklaar dat Jesus nie weer sou terugkeer nie, totdat **"die mens van sonde geopenbaar, die seun van die verderf ontbloot is nie"** (2 Tess. 2:3); **"wie homself hoër ag as alles wat God genoem word en dit teengaan, of wat aanbid word; sodat hy in die tempel van God as God sit en voorgee dat Hy God is"** (2 Tess. 2:4). Jesus ontmasker Satan, sy kerk en sy regering vandag deur ons bediening; en valse Christene haat ons hieroor, want ons ontmasker hulle as vals, met

hulle valse god in Rome wat homself verhef en God teenstaan, tesame met die vals kerk en regering wat Satan nodig het om die wêreld te mislei (Op. 12:9). Dit wat hy gedoen het, het God in die boeke van Openbaring, Daniël, 2 Tessalonisense, Mattheus en regdeur die Bybel voorspel.

As jy nuus kyk, sal jy sien dat Satan se kerk en regering hulself deesdae ontbloot en as jy die Bybel ken, sal jy ook in staat wees om die blootstelling duidelik te sien. Die Bybel verklaar dat al die nasies by die duiwel en sy kerk sal aansluit en mag aan hulle gegee sal word (Op. 17:2). Die Ierse Katolieke Ronald Reagan (verkeerdelik Nederlands genoem) het gehelp om daardie Skrifgedeeltes te vervul deur wederregtelik (onkonstitusioneel) 'n federale agent in die valse profeet se Vatikaanse kwartiere te plaas. Ronald Reagan het getrou aan die Jesuitiese eed (gerieflikheidshalwe) 'n Protestant tussen Protestante geword, totdat alle doelwitte volgens die Skrif bereik kon word.

Hier is net een van baie stellings wat Ronald Reagan gemaak het om sy satanistiese kerk- en regeringsverhoudings met sy god, die Pous, op te hemel: "Ek is dankbaar vir u hulp om die Amerikaanse beleid aan te pas om die pous se wense [Reagan se god] te reflekteer en ek sien uit na verdere leiding deur sy heiligheid, Pous Johannes Paulus II." Die aanhaling is geneem uit 'n toespraak gelewer op 15 April 1982 aan die Nasionale Katolieke Opvoedkundige Instituut. Reagan se hele administrasie was Rooms-Katolieke (Satan se kerk). Dit is welbekend en uitgesaai op televisie en radio en is ook gepubliseer in duisende koerante. Vier verwysings hierna kan gevind word in die tydskrif, *Church and State*, in 'n artikel deur Albert Menendez getiteld, "Of Presidents and Popes," in Junie 1982. Verdere bronne wat die skokkende feite staaf, is *The National Catholic Reporter* en *Congressional Quarterly*.

"Dit is vir my aangenaam om u [Katolieke broeders] mee te deel dat ek reeds 284 federale regters aangestel het — mans en vroue wat die fundamentele waardes wat u en ek so op prys stel [Katolisisme], deel. Teen die tyd wat ons die amp verlaat, sal ons administrasie sowat vyf-en-veertig persent van alle federale regters aangestel het ... Ek is veral in my skik, want soos sommige van u dalk weet, is Regter Scalia die eerste Italiaanse Amerikaner om vir die Hooggeregshof genomineer te word."

Die Hooggeregshofregters wat Reagan aangestel het, was almal Rooms-Katolieke (Satan se kerk). Die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers is almal Rooms-Katolieke (Satan se kerk) en/of Rooms-Katolieke simpatiseerders en volgens Reagan was die een wat aan die Amerikaanse beleid gestalte gegee het, Pous Johannes Paulus II (die leier van die vergadering van die Rooms-Katolieke kerk).

Ronald Reagan het ons godvresende

VSA-grondwet oortree, ter wille van Roomse kerkreëls (Satan se wet). Hy moes volgens sekulêre wette (die godvresende VSA-grondwet) sonder huiwering saam met sy hele administrasie aangekla gewees het, as ons God tevrede wil stel en sy guns wil terugwen en sodoende aan die ewige Hel wil ontsnap.

Alle vlakke van die goeie en oorspronklike regerings- en regstelsels in ons land, insluitende klein dorpies, is verlam, betower, gehipnotiseer, het breinskade, is bevuil, gewalg, gefassineer, mislei, gekul, verkanker, bederf en amper doodgemaak deur die swak menigte satanistiese bullebakke wat aan Satan se kerk mag gee. Almal staan en toekyk sonder om iets te doen, terwyl die Vatikaanse media hulle leuens nasionaal en internasionaal uitbasuin en die res van sy bouse samesweerders voortgaan met hul booshede. Satan se kerk werf gou wetstoepassingsagentskappe (valslik so genoem) om die wat God gestuur het om God se waarhede te verkondig en Satan se kerk en regering te ontmasker, op ongrondwetlike en onwettige wyse te arresteer. Dit ontsien nie eens sekulêre wette (vryheid van spraak, godsdiensvryheid en persvryheid) nie. Satan hou nie hiervan nie ... hy kan nie meer gesofistikeerd te werk gaan nie. Gesofistikeerdheid is nonsens!!

Satan se mense skreeu: "Stop dit ten alle koste, hulle ontmasker ons!! Ons moet nuwe wette maak teen vryheid van spraak en persvryheid ... Ons sal dit "VOLKSMOORD" noem!! Arresteer hulle soos wat ons vader, die duiwel, Jesus tweeduisend jaar gelede gearresteer het en vir eeue voor dit en ook daarna die profete en apostels gearresteer het. Arresteer hulle en gaan doelmatig te werk!! Te Hel met die VSA-grondwet!! Spoel dit in die toilet af!! Te Hel met Amerikaanse wetgewing!! Gooi dit by die venster uit!! Verbrand dit dan!! As wetstoepassing dit nie kan doen nie, sal ons ons gebreinspoelde militêre magte sover kry om dit te doen, soos wat ons in Duitsland met die SS en die "Gestapo" aan die Jode gedoen het!!" Satan gil voort. Moet Amerika voortgaan om soos Rooms-Katolieke op te tree? Ons hoef nie onkunde te bepleit op grond van gevangenskap hier of ewige gevangenskap in die Hel wanneer God oordeel nie.

"My Katolieke seun, tot hier toe is jy geleer om skynheilig op te tree: om tussen die Rooms-Katolieke as 'n Rooms-Katoliek op te tree en selfs tussen jou eie broers as 'n spioen op te tree; om geen mens te glo nie; om geen mens te vertrou nie, om tussen die hervormers as 'n hervormer op te tree, tussen die Hugenote as 'n Hugenoot, tussen die Calviniste as 'n Calvinis, oor die algemeen tussen die Protestante as 'n Protestant; hulle vertrou te wen en selfs te versoek om van hulle kansels af te preek en met heftigheid ons godsdiens en die Pous te veroordeel; om selfs so laag te daal om as 'n

Jood tussen die Jode op te tree, sodat jy in staat sal wees om alle inligting tot voordeel van jou orde as 'n getroue soldaat van die Pous in te samel. Jy is geleer om op sluwe wyse saadjies van jaloesie en haat te plant, tussen state tussen wie daar vrede was en om hulle aan te hits tot bloeddorstige dade."

Die verklaring kan gevind word in die Kongresbiblioteek in 'n boek genaamd, *The Engineer Corps of Hell*, deur Edwin A. Sherman en dit is ook in die **Kongresionele Rekords**. Hou in gedagte dat presidente, goewerneurs, regters en alle Katolieke regeringsamptenare wat die eed aflê, eerstens aan die Katolieke kerk trou verskuldig is. Die ergste onkunde in die wêreld is om onkundig oor die Lewende Woord van God te wees. As jy nie die Bybel ken nie, strompel jy soos 'n blinde man of vrou in die duisternis voort (Joh. 12:35), want jy kan nie sien waarheen jy op pad is nie. Biljoene het nuttelos geleef en gesterf en ervaar nou die Hel, nie slegs as 'n tydelike ervaring nie, maar ervaar vir ewig die brandende poel van onblusbare vuur. Daar sal vir ewig 'n geweën en 'n gekners van tande wees (Matt. 8:12). Indien die massas wat onkundig is oor die Bybel God se Woord geken het, sou hulle soos ek geweet het dat Satan sy kerk nodig het en dat sy kerk die mag nodig het om dwang uit te oefen om alle ander godsdienste uit te skakel en net homself te bevorder. Satan moes ten eerste op sluwe wyse reël dat alle regerings onder sy beheer geplaas word (die Verenigde Nasies). Dit moes stil en geduldig in die geheim gedoen word deur sy volgelinge, verbind tot 'n eed om nooit hulle bouse leier se motiewe te vergeet nie.

Amerika moet hanteer word met buitengewone sluhed en geheimsinnigheid, want hierdie nasie is gevestig op iets wat Satan laat rooi sien. Daardie iets is die "Op God Vertrou Ons" opgerig op die vaste rots, Jesus Christus, die Woord van God, gehaat deur Satan se kerk en regeringsamptenare. Hulle wil ons laat glo dat hierdie land gevestig is op die Vryheidstandbeeld ... dit is nie. Die Vryheidstandbeeld is aan ons gegee deur Frankryk, want die Franse het besef dat ons 'n soort vryheid het wat die ander volkere nie het nie. Die vryheid is nie gevestig op die Vryheidstandbeeld nie, maar op die Woord van God. Ja, hulle het desperaat probeer om die ware betekenis van Vryheid in Amerika, "Op God Vertrou Ons," te verdraai.

Sedert die geboorte van ons nasie wat op God vertrou, het Satan se Jesuïete en hulle leiers deurlopend die volgende woorde laat weerklink: "Ons kan nie toelaat dat die Christendom bestaan nie, ons moet 'n kerk oprig vir ons leier (Satan) ... Ons moet Amerika se arbeidsmag, sy vrye regering en vrye pers infiltrer, unies vestig en natuurlik soos gewoonlik ons bes doen. Misdaad, sedeloosheid, korrupsie, vermaak, piesier en dwelms moet deur ons beheer word (soos wat dit gewoonlik oral in die hele wêreld gedoen word) en uiteindelik

moet ons die godvresende nasie, wie se stigting "Op God Vertrou Ons" is en wat staan op die hele (onverdraaide) Woord van God, verswak, deur dit in te dring met ons vader, Satan se boodskap (die een wat hy persoonlik, eerste aan Eva in die Tuin van Eden verkondig het). Ons sal dit verkondig (dat God niks haat nie, God liefde is, die Bybel 'n mite is en die pous God is). As ons alle kerke kan binnedring met die valse boodskap, kan ons Amerika vir vader Satan wen en sal hy ons ruimskoots vergoed in hierdie tydelike wêreld ... ten minste, hy sê hy sal. As ons mense kan keer om die Bybel te lees of hulle sover te kry om een van die moderner weergawes van die Bybel te lees, wel dan sal ons selfs idiote sover kan kry om te glo dat die Here van die Leërske selfs ons vader, die duiwel, liefhet; dat Hy sonde, vieslikhede, korrupsie en alles wat volgens God ons in die Hel sal laat beland liefhet." In werklikheid verafsku God Satan, want dit is deur Satan dat Christus moes sterf en vir drie dae ter Helle moes neerdaal. Hy het egter uit die dood opgestaan en lewe vir ewig. Hy verafsku sonde, want hy moes Sy bloed stort om dit uit ons siele te vee. Ons wat glo en dankbaar is en Sy geboorte onderhou (die onverdraaide, presiese Woord van God) weet dat God die wat teen God en Sy heiliges veg, haat, verafsku en sal straf (Ps. 105:15).

Die opdrag wat God gegee het om op aarde uit te voer, is nie uitgevoer nie. Die mense op aarde het God teleurgestel. Die aarde is gebaai in korrupsie. Ons by die heilige Alamo Christen-kerk is aan die opmars in 'n kruistog, totdat Hy kom. Satan het nog nooit en kan nooit berou hê nie. Die Hel is verruim vir sy predikers, leraars, vir hom en al sy volgelinge (Jes. 5:14); vir hulle wat nasies verswak het (Jes. 14:12).

Satan gee opdrag: "Deur die unies te beheer, kan ons die koste van arbeid opjaag en miljoene Amerikaners werkloos laat, asook duisende besighede sluit en aan ander nasies onder ons beheer, arbeidskoste sonder inflasiedruk gee, sodat hulle goedere goedkoper as die Verenigde State kan produseer. Ons kan dit alles bereik vanuit ons vestings in die Withuis, die Departement van Arbeid, die Interne Inkomstediens van Amerika (IRS), unies, Bou- en Veiligheidsdepartemente en honderde ander departemente soos die Organisasie vir Beroepsveiligheid en Gesondheid en alle ander federale- en staatsregeringsagentskappe wat ons nou beheer."

"Ons moet alle banke beheer, asook die Federale Reserwe [soos wat ons tans doen], sodat ons nou geld aan ons eie mense kan leen en alle ander wat ons vader die duiwel haat [soos wat God doen], kan boikot. Ons moet ook die Departement van Landbou beheer, want ons moet alle landbougrond vir ons vader, Satan beheer. Dit beteken dat ons alle Amerikaanse boere uit die bedryf moet sit, want ons vader Satan weet baie goed dat

Esau sy geboortereg vir kos verkoop het en die Amerikaners is mense, net soos al die ander mense wat ons nou beheer. Sonder die krag van God in hulle lewens, kan ons hulle met kos bekeer tot Katolisisme, soos wat ons in elke ander land gedoen het. As hulle hulle bekeer en gehoorsaam is, kan ons aan hulle kos in ruil vir hul siele gee [kos van hulle eie landerye af].”

“As ons al die landbougrond steel deur die boere valslik te laat glo dat die VSA-grondwet in onbruik verval het, sal ons hulle grond hê en aan hulle aalmoese van ons vader, die duiwel kan gee. Hulle sal aalmoese kry, omdat hulle hom nou aanbid.”

Toe die boere God aanbid het en hulle hul op die Grondwet beroep het, het hulle hul eie grond gehad en nie aalmoese ontvang nie. Dit was toe hulle nog mans was en nie lamsakkige jellievisagtige aanbidders van Satan nie. Toe hulle volgens God se Woord geleef het, kon niemand hulle vernietig nie. Ons “God is liefde” predikante het uitstekende werk gedoen. Satan is tevrede. Kom ons plaas nou ’n merk op hulle soos wat ons met vee doen, sodat ons seker van hulle lojaliteit kan wees... God noem die merk, **“Die merk van die Dier”** (Op. 19:20). Ons vader die duiwel hou nie van daardie naam nie, ons sal dit dus ’n mooier naam moet gee soos die merk van vrede of broederskap of enigiets vals. Ons moet ook die heilige Alamo Christen-kerk vernietig, want hulle loop en vertel aan almal wat ons doen en dat God ons daarvoor Hel toe gaan stuur; en hulle vertel aan almal dat hulle Hel toe sal gaan as hulle ons merk van broederskap neem. Hulle het selfs Skrifgedeeltes uit die Bybel om dit te bewys. Dis hoekom ons hulle moet keer. Ons vader in Rome het Ronnie in Washington aangesê om die hooggeregshof die opdrag te gee om die heilige Alamo Christen-kerk sommer van alles aan te kla. Reagan het selfs aan die nuusmedia gesê dat die heilige Alamo Christen-kerk lone behoort te betaal aan die vrywilligers wat God dien. Dit selfs nadat die heilige Alamo Christen-kerk dubbeld soveel of meer as negentien miljoen dollar in tydelike voordele gegee het en elke enkele persoon in die kerk na die ewige lewe deur Jesus Christus ons Here en Redder gelei het. Die meeste van die heilige Alamo Christen-kerk se volgelingen is verlos van ’n lewe van geweld, misdaad, diefstal, narkotika en dwelms en is nou skitterende voorbeelde van hoe die lewendige God al die gemeenskappe van die wêreld verbeter. As al die mense in ons vrye volk die Bybel, soos wat dit geskryf is, oombliklik gehoorsaam; sal al Satan se krag en beheer onmiddellik daarmee heen wees. Die Verenigde State was magtig omdat die land in die Woord van God geanker was. Die grondleggers het seker gemaak daarvan. Ja, Satan het al sy regeringsagentskappe nodig om teen God se kinders wat oorgebly het in ons nasie, te stry en hy moet ontslae raak van die “Op God Vertrou Ons”-mense en die wette

van ons land waarop ons as ware Christene ons beroep. Satan, sy kerk, sy regering en sy mense voer oorlog teen “Op God Vertrou Ons” en die VSA-grondwet.

Satan se wêreldleiers verklaar nou in hulle nuusmedia, nadat hulle Amerika verswak het deur sy unies, dwelm- en narkotikahandel, aborsiëklinieke, pornografie en humanistiese onderrig in ons skole en universiteite, dat die VSA-grondwet uitgedien is en in onbruik verval het. Die Woord van God, waarop die VSA-grondwet gebaseer is, is egter nie uitgedien nie, maar is gister, vandag en vir altyd dieselfde ... **“Die Hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie”** (Matt. 24:35) en op die oordeelsdag sal almal geoordeel word volgens die Woord van God. Hierdie leuenagtige duiwels wat verklaar dat die VSA-grondwet, gebaseer op die Woord van God, uitgedien is, sal nie dán verklaar dat dit uitgedien is nie, maar hulle sal ween en op hulle tande kners. Jesus noem Satan die vader van alle leuenaars. Dit beteken dat sy kerk, sy regering en al sy volgelingen leuenaars is. Deur mense sy leuens te laat glo, het hy die nasie, ’n nasie van bedelaars, soos hyself, gemaak. Satan wil en moet tot elke prys gehoorsaamheid van sy kinders hê, want hy sien die gehoorsaamheid wat God se kinders aan Hom betoon en Satan is baie jaloers op God. Onthou dat die bedelaar Satan verklaar het: **“Ek wil opgaan na die hemel, my troon bo God se sterre verhef en op die berg van samekoms in die uithoek van die Noorde sit. Ek wil hoër as die wolke klim, my gelykstel aan die Allerhoogste!”** (Jes.14:12-14).

God sê egter: **“Tog sal jy in die doderyk neergewerp word, neerdaal na die diepste kante van die put.”**

As jy Satan se leiding volg, gaan jy hom volg op ’n pad na verwoesting en na die ewige Hel met vloeke wat deur jou hele lewe op jou sal rus; maar as jy God se leiding volg, sal jy God se volmaaktheid, die ewige lewe en ’n oorvloediger lewe (Joh. 10:10) op hierdie aarde hê en jou volk sal groot en bo al die ander volke wees.

1 As jy dan aandagtig luister na die stem van die Here jou God om al Sy gebooie wat ek jou vandag beveel, sorgvuldig te onderhou en te doen, dan sal dit gebeur dat die Here jou God jou hoër sal stel as al die nasies van die aarde.

2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy sal luister na die stem van die Here jou God.

3 Geseënd sal jy in die stad wees en geseënd sal jy in die veld wees.

4 Geseënd sal die vrug van jou liggaam, die vrugte van jou land wees; en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

5 Geseënd sal jou mandjie en jou bakskottel wees.

6 Geseënd sal jy by jou ingang en geseënd sal jy by jou uitgang wees.

7 Die Here sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou oë verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uitvlug.

8 Die Here sal jou seën in jou skure en in alles waaraan jy jou hand slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die Here jou God jou gee.

9 Die Here sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy dit aan jou gesweer het, as jy die gebooie van die Here jou God onderhou en in sy weë wandel.

10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal jou vrees.

11 En die Here sal jou oorvloedig maak met goedere, in die vrug van jou liggaam, en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die Here met ’n eed aan jou vaders beloof het om aan jou te gee.

12 Die Here sal sy goeie skatkamer, die Hemel, vir jou oopmaak om reën op die regte tyd op jou lande te laat val; en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

13 En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie; en jy sal net bo uitkom en nie afsak nie; as jy die gebooie van die Here jou God, wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen, onderhou.

14 Jy mag nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

15 Tog sal dit gebeur, as jy nie na die stem van die Here jou God luister nie, om sorgvuldig al Sy gebooie en Sy wette, wat ek jou vandag beveel te onderhou nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.

16 Vervloek sal jy in die stad en vervloek sal jy in die veld wees.

17 Vervloek sal jou mandjie en jou bakskottel wees.

18 Vervloek sal die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee wees.

19 Vervloek sal jy by jou ingang en vervloek sal jy by jou uitgang wees.

20 Die Here sal vervloeking, verwarring en bedreiging oor jou stuur in alles waaraan jy jou hand slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handelinge, dat jy My verlaat het.

21 Die Here sal sorg dat die pes jou aankleef totdat Hy jou verslaan uit die land wat jy in besit wou gaan neem.

22 Die Here sal jou swaar tref met siekte en koors; en ontsteking en vurige koors en met die swaard; en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolgt totdat jy omkom.

23 En jou hemel bo jou kop sal koper en die aarde onder jou yster wees.

24 Die Here sal die reën van jou land

poer en stof maak; van die Hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is.

25 Die Here sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hulle uittrek en op sewe paaie sal jy voor hulle uitvlug — en jy sal 'n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word.

26 En jou lyk sal as voedsel dien vir al die voëls van die Hemel en vir die diere van die aarde dien sonder dat iemand hulle verjaag.

27 Die Here sal jou swaar tref met swere van Egipte; en met aambeie, skurfsiekte en jeuk, waarvan jy nie gesond kan word nie.

28 Die Here sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring;

29 en jy sal in die middag rondtas soos die blinde in die donker rondtas en in jou weë sal jy geen voorspoed hê nie; en jy sal altyddeur net verdruk en beroof wees, sonder dat enigiemand jou help.

30 Jy sal jou aan 'n vrou verloop, maar 'n ander man sal by haar slaap; 'n huis sal jy bou, maar nie daarin woon nie; 'n wingerd sal jy plant, maar nie daarvan oes nie.

31 Jou bees sal voor jou oë geslag word, maar jy sal daarvan nie eet nie; jou esel sal voor jou weggeroof word en sal nie na jou toe terugkom nie; jou kleinvee sal aan jou vyande gegee word en daar sal niemand wees wat hulle kan red nie.

32 Jou seuns en jou dogters sal aan 'n ander volk gegee word, terwyl jou oë dit sien en die hele dag na hulle smag: sonder dat jy iets daaraan kan doen.

33 'n Volk wat jy nie eens ken nie sal die vrugte van jou land en al jou werk eet; en jy sal altyddeur net verdruk en hard behandel word.

34 En jy sal kranksinnig wees vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien.

35 Die Here sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene — waarvan jy nie gesond kan word nie — van jou voetsool tot bo-op jou kop.

36 Die Here sal jou en jou koning, wat jy oor jou sal aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie ken nie; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien.

37 En jy sal 'n voorwerp van verbasing, 'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen die Here jou sal wegvoer.

38 Jy sal baie saad op die land uitdra, maar min insamel; want die sprinkaan sal dit afeet.

39 Wingerde sal jy plant en bewerk, maar geen wyn drink of wegbêre of selfs die druiwe oes nie nie; want die wurm sal dit opeet.

40 Olyfbome sal jy hê in jou hele grondgebied, maar jy sal jou nie met olie self nie; want jou olywe sal afval.

41 Seuns en dogters sal jy verwek, maar hulle sal nie vir jou wees nie; want hulle sal in gevangenskap gaan.

42 Al die bome en die vrugte van jou land

sal die sprinkaan opeet.

43 Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak.

44 Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees.

45 En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie na die stem van die Here jou God geluister het nie, om sy gebooie en sy wette wat hy jou beveel het, te hou nie;

46 en hulle sal 'n teken en 'n wonder by jou wees en by jou nageslag tot in ewigheid.

47 Omdat jy die Here jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie;

48 daarom moet jy jou vyand, wat die Here teen jou sal stuur, dien in honger en in dors, in naaktheid en in gebrek aan alles; en hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het.

49 Die Here sal 'n nasie teen jou laat optrek van ver, van die einde van die aarde af, so vinnig soos 'n arend vlieg — 'n nasie wie se taal jy nie sal verstaan nie;

50 'n Nasie hard van aangesig, wat 'n oue nie ontsien en vir 'n jongeling geen genade het nie.

51 En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy verdelg is; wat vir jou geen koring, mos of olie, aanteel van jou beeste of aanteel van jou kleinvee sal laat oorbly totdat hulle jou tot niet gemaak het nie.

52 En hulle sal jou beleër in al jou poorte totdat jou hoë en versterkte mure val waarop jy in jou hele land vertrou het; ja, hulle sal jou beleër in al jou poorte in jou hele land wat die Here jou God jou gegee het.

53 En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat die Here jou God jou gegee het, in die beleg en in die benoudheid waarmee jou vyand jou beangs sal maak.

54 Sodat die teer en verfynde man onder julle met 'n bose oog na sy broer en die vrou wat hy liefhet sal kyk, en sy orige kinders wat hy sal verlaat;

55 sodat hy aan geeneen van hulle iets sal gee van die vlees van sy kinders wat hy eet nie, omdat daar vir hom niks anders oorgelaat is in die beleg en die benoudheid waarmee sy vyand hom in al sy poorte benoud sal maak nie.

56 Die vertroetelde en verwende vrou onder julle wat weens verwendheid en weekheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie — haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter met afguns aankyk;

57 Ook haar nageboorte wat tussen haar voete uitgaan en haar kinders wat sy sal baar; want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan alle dinge in die geheim in die beleg en in

die benoudheid waarmee haar vyand haar in al haar poorte benoud sal maak.

58 As jy nie sorgvuldig onderneem om al die woorde van hierdie wet te onderhou, wat in hierdie boek geskryf is sodat jy hierdie glorieryke en gedugte NAAM, DIE HERE JOU GOD mag vrees nie;

59 dan sal die Here oor jou en oor jou nageslag buitengewone plaes bring, groot en aanhoudende plaes, en kwaadaardige en aanhoudende siektes;

60 en Hy sal weer al die kwale van Egipte waarvoor jy bang was oor jou bring, sodat hulle jou aanklewe.

61 Ook allerhande siektes en allerhande plaes, wat nie in die boek van hierdie wet geskrywe is nie, dié sal die Here oor jou laat kom totdat jy verdelg is.

62 En julle sal met min mense oorbly, in plaas daarvan dat julle soos die sterre van die hemel was, omdat jy nie na die stem van die Here jou God geluister het nie.

63 En dit sal gebeur dat die Here net soos wat Hy bly was om aan julle goed te doen en julle te vermenigvuldig, so sal die Here ook bly wees om julle tot niet te maak en julle te verdelg; en julle sal uitgeruk word uit die land waarvan julle besit sou neem.

64 En die Here sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot aan die ander einde van die aarde; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie.

65 En onder dié nasies sal jy geen rus hê nie en vir jou voete sal daar geen rusplek wees nie; maar die Here sal jou daar 'n bewende hart gee en smagtende oë en 'n kwynende siel.

66 En jou lewe sal voor jou aan 'n draad hang en jy sal nag en dag vreesbevange en van jou lewe nie seker wees nie.

67 In die môre sal jy sê: Ag, was dit maar aand! En in die aand sal jy sê: Ag, was dit maar môre! Vanweë die angs in jou hart wat jou sal aangryp, en vanweë die gesig wat jou oë sal sien.

68 En die Here sal jou op skepe na Egipte terugbring, op die pad waaroor Ek vir jou gesê het: Jy sal dit nooit weer sien nie; en daar sal julle aan julle vyande as slawe en slavinne verkoop word, maar daar sal geen koper wees nie (Deut. 28).

“Hy wat vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en hy wat seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie” (Matt. 10:37).

Die Here het gesê as ons Sy gebooie onderhou, m.a.w. as ons Sy werk doen, sal Hy ons s'n doen. God het gesê dat hulle in die laaste dae, dit wat boos is sal omkeer na iets goeds en dat dit wat goed is sal boos gemaak word (Jes. 5:20). A.g.v. van Satan se verdraaiing van die Amerikaanse reg, is daar geen geregtigheid in die howe nie. Die enigste plek waar geregtigheid vandag gevind kan word, is in die huis van God. Ongelukkig is daar vandag nie veel

daarvan te sien nie. Ons is egter van plan om dit te verander. Hoekom help jy ons nie om dit te verander nie? Hoekom neem jy nie die Here Jesus Christus aan nie? Hoekom kom jy nie na ons kerk toe om van die strengheid van die Woord van God, die smal weg en die ewigdurende waarheid daarvan te leer nie? Leer dit en gebruik die krag daarvan in jou daaglikse lewe om Amerika skoon te maak en die wêreld vir Christus te help wen. God het 'n boodskap aan Katolieke wat nie weet van die dinge nie, maar graag die Here wil dien: "Gaan uit haar uit, my volk" (Op. 18:4). Gaan uit haar uit en "Kom na My [die Woord van God] toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek [Jesus] sal julle rus gee [vir julle siele]" (Matt. 11:28). Geen mens is 'n eiland nie. Geen mens kan alleen staan nie. Jy het Christus in plaas van godsdiens nodig om jou sondes te vergewe en jou in die Hemel te kry. Sy Naam is Wonderbaar, Raadsman, Vredevoers (Jes. 9:6).

Daar is een bemiddelaar tot die troon van God. Dit is Jesus Christus — een Weg, een Waarheid, een Lewe. Daar is net een verlossingsplan. Niks behalwe die bloed van Jesus kan jou sondes wegneem nie, net geloof in God se verlossing deur Jesus Christus.

"En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam in die Hel kan vernietig" (Matt.10:28).

"Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe, en vir die mensekind wat soos gras gemaak sal word?" (Jes.51:12).

"Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is; want hoe min is hy werd!" (Jes. 2:22).

Jy sal nie op die oordeelsdag aan mense moet verslag doen nie, maar aan God. Jy sal

die Almagtige, jou Skepper in die oë moet kyk. Jy sal nie te staan kom voor 'n valse god van blik, toegedraai in 'n wit laken nie, maar jy sal te staan kom voor Hom wat gesê het: "Dit is 'n vreeslike ding om in die hande van die lewende God te val" (Heb. 10:31). God verklaar dat Hy 'n "gedugte God is" (Neh. 1:5).

Ek is lief vir hulle wat My vrees (Psalm 33:18). Die hoofsaak van alles is om God te vrees en Sy gebooe te onderhou (Pred. 12:13).

Bely of jy sal verseker Hel toe gaan. Jy weet nie of jy vyf minute van nou af nog sal asemhaal nie. Daar is verseker 'n Hel om te vermy en 'n Hemel te wen. So hou op met jou bose werk en dien eerder die Here, sodat jy oombliklik gered kan word. Bid die gebed tot God:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.² Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.³ Ek glo dat HY aan die kruis dood is en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.⁴ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,⁵ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.⁶ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.⁷ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.⁸ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.⁹ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.

⁴¹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.¹⁰ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid

toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.¹¹

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.¹² Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.¹³

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan 'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons om meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal.3:8-12).

2 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 3 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 4 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 5 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 6 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 7 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 8 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 9 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 10 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 11 Heb. 11:6 43 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 12 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 13 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS

in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg 1993 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo © Geregistreer 1993

AFRIKAANS—Jesus Said that Satan Would Have a Church and Government